**11 Desember**

**Jy het rede om die wêreld se beste voorsanger te wees**

**Skrifgedeelte: Psalm 100**
**Fokusgedeelte: Psalm 100:4**

Een van ons digters het eendag geskryf: As hy na ons trae kerksang luister, weet hy nie hoe ons gaan klink in die hemelkoor nie! Psalm 100 roep mense oor die wêreld heen op om tot eer van die Here te jubel (vs 1). Dit geld vir jou ook.

Hoekom moet ons sing? Daar is mense wat sê sang beur hulle op, maar sodra hulle ophou sing, verval hulle weer in mistroostigheid. Dié lied is anders! Dis nie die note of die lirieke wat jou in die eerste plek opbeur nie. Die Psalm is soos ’n natuurlike fontein wat opborrel uit ’n hart wat klaar oorloop van blydskap.

Ons kinders van die Here prys Hom, omdat hy goed is. Ons het nog meer rede as die mense van die aarde om die Here te prys. Hy het ons sy eie volk, sy eie skaapkudde gemaak. As jy dit met jou hele hart glo, dan klink die lied op van die ingang van die tempel af tot diep daarbinne (vs 4). Gelowiges soos jy sal mos ook wil sing om die Here in sy huis te loof. Dis die natuurlikste ding in die kerk en daarbuite.

Sing hierdie lied saam met kinders van die Here wat dwarsdeur die eeue die Psalm gesing het. Later het hulle ook Christus, ons Goeie Herder, met die lied geprys, omdat ons gelowiges sy kudde is. As die volke van die aarde die Here se lof moet besing, het jy, sy kind, nog meer rede om voluit voor te sing.

*Sing: Psalm 100:1 en 2 (OB)*

*Ds. Anton van Rensburg (Paarl)*